



Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het."

Doelwit: Om die Verkenner bloot te stel aan beperkte rotsklimaktiwiteite (sportklim op kunsmatige en geselekteerde natuurlike rotse) en hom of haar met die vaardighede toe te rus om 'n beperkte rotsklimaktiwiteit op 'n veilige en verantwoordelike wyse te beplan, te beoefen en te fasiliteer.

Weergawe: 2009

Datum: Oktober 2009

Begronning

Voortrekkerkode:

2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar die omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Die spesialisasie spreek Burgerskap en Christenskap aan. Deur die kursus te deurloop sal die Verkenner die geleentheid gegun word om God se skepping en almag te waardeer. Die Verkenner sal waardering ontwikkel vir lewende wese en die natuur. Daar sal ook geleer word om op God te vertrou tydens rotsklimaktiwiteite. Wat burgerskap aanbetref, sal die Verkenner gevaarlike rotsklimtoestande en –praktyke kan identifiseer en mense daaromtrent kan inlig en waarsku. Die Verkenner sal ook verantwoordelikheid vir mekaar se veiligheid aanvaar en daardeur leierskapsvermoëns en makkerhulp bemeester.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	5 dae	Graadgroep:	10 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan slegs in groepsverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp, Geakkrediteerde gebiedskamp of operateur		

Eksterne akkreditasie

Beheerliggaam:	Avontuur en Rekreasie Assosiasie (ARA)	Vlak:	ARA Vlak 2 (NQF 3)
Toekennings instansie	ARA Geakkrediteerde gebiedskamp, ARA Geakkrediteerde Mobiele Operateur		
Opmerking:	Enige gebiedskamp kan die spesialisasie aanbied. Slegs 'n geakkrediteerde gebiedskamp of mobiele operateur kan egter 'n sertifikaat uitreik wat deur die spesifieke beheerliggaam erken word.		
Intensiteit:	Hoë intensiteit en risiko gradering		

Uitkomst

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. 'n Geskikte klimroete kan identifiseer deur aan die volgende aktiwiteite deel te neem:
 - 1.1 Die identifisering van 'n geskikte enkelvlak klimroete vir 'n spesifieke klimaktiwiteit.
 - 1.2 Die uitleg en kwaliteit van terreinkenmerke evalueer ten einde 'n klimroete te kan selekteer.





- 1.3 Omgewingsfaktore wat die keuse van die klimaktiwiteit kan beïnvloed in ag te neem. (Plantegroei, vogtigheid, toegangsroetes, ens.)
 - 1.4 Identifisering van gevaarsituasies en 'n aksie neem om dit te voorkom.
 - 1.5 Identifisering van toepaslike toegang- en uitgangsroetes, asook veilige wagareas vir deelnemers.
 - 1.6 Identifisering van 'n klimroete met in agneming van die klimvermoë van deelnemers .
 - 1.7 Deelnemers kan toelig ten opsigte van die klimroete en klimaktiwiteit.
2. 'n Geskikte klimroete opstel deur:
 - 2.1 Geskikte ankerpunte vir die klimroete uit te lê en plaas.
 - 2.2 Die veiligheid van die klimroete en ankerpunte na te gaan.
 3. Rotsklimtoerusting gebruik deur die volgende prosedures toe te pas:
 - 3.1 Identifisering en selektering van geskikte persoonlike- en groepsklimtoerusting vir die klimaktiwiteit . (Toerusting sluit harnasse, toue, karibiners, helms, belay toestelle, ankers en dies meer in.)
 - 3.2 'n Voorafinspeksie op klimtoerusting en gebreke asook skade aan toerusting te rapporteer ten einde ongeskikte toerusting uit sirkulasie te verwyder.
 - 3.3 Die gebruik van klimtoerusting volgens die fasiliteerder se instruksies asook vervaardiger spesifikasie.
 - 3.4 Die identifisering van toepaslike touknope en die gebruik en maak daarvan te demonstreeer.
 - 3.5 Die gebruik van klimtoerusting op sodanige wyse dat skade aan die toerusting en omgewing asook die besering van deelnemers voorkom word.
 4. Rotsklimtegnieke toepas deur:
 - 4.1 Gepaste klim- en belaytegnieke vir die klimroete te demonstreeer (Beide "lead climb" en "toprope" rotsklimtegnieke).
 - 4.2 Stillhoupunte te identifiseer en te gebruik.
 - 4.3 Die beweging oor die klimroete te beplan met in agneming van vashou- en vastrapunte.
 - 4.4 Effektiewe kommunikasie tussen die klimmer en die belayer toe te pas deur gebruik te maak van standaardroepes en -prosedures.
 - 4.5 Deelnemers aan die begin, tydens en aan die einde van die klimaktiwiteit te beheer ten einde hulle veiligheid te verseker.
 - 4.6 Kennis te dra van standaardprosedures tydens 'n ongeluk of reddingsituasie en die kennis daar van weer te gee.
 5. 'n Rotsklimaktiwiteit beplan vir 'n groep deelnemers met hierdie spesialisasievereistes as riglyn.
 6. 'n Rotsklimaktiwiteit fasiliteer met hierdie spesialisasievereistes as riglyn.
 7. 'n Rotsklimaktiwiteit afsluit en evalueer deur:
 - 7.1 Die rotsklimaktiwiteit te evalueer en aanbevelings te maak ten opsigte van die verbetering daarvan deur gebruik te maak van 'n nabetragingstegniek.
 - 7.2 Die klimtoerusting na te gaan vir onderhoud of skade en die toerusting voor te berei vir berging.
 - 7.3 Verslag te doen ten opsigte van beskadigde toerusting.
 - 7.4 Die toerusting te berg volgens voorgeskrewe riglyne.

